

MEMORANDUM (Taalleer / 13 Mei 2020)

- 1.1 Die hond slaap in 'n hondehok.
 - 1.2 Ons eet in die eetkamer.
 - 1.3 Daar is rose in die tuin.
 - 1.4 Ek slaap in my slaapkamer.
 - 1.5 Ek bad in die badkamer.
 - 1.6 Ons eet ontbyt in die eetkamer
- 2.
- 2.1 Ek woon in Klaradynstraat 41.
 - 2.2 Oom Jan woon naby die Indiese Oseaan.
 - 2.3 Ons huis het drie slaapkamers, 'n groot kombuis, 'n studeerkamer en twee badkamers.
-
3. 1. Jy moenie sê dat ek jou boek gevat het nie!
 2. Het jy my trui dalk iewers gesien?
 3. Sjoë! Kyk hoe vinnig hardloop hy.
 4. Is jy seker jy het jou sokkerstewels gebring?
 5. Die bus vertrek om 12 uur.
 6. Bly asseblief sit totdat die klok lui!
 7. Sies! Ek kan nie glo die hond het my kos opgevrete nie.

1.4 Taalleer Bywoord (bw.)

'n Bywoord vertel ons meer van 'n werkwoord. Daar is bywoorde van tyd (wanneer) wyse (hoe) plek (waar) en graad (in watter mate). Bv. In die sin, Lappies eet in T-been, waat ons nie hoe of waar of wanneer of hoeveel Lappies sy T-been eet nie. Ons kan die sin meer spesifiek wees deur byvoorbeeld te sê:

Lappies eet Sondaë, gulsig, buite aan 'n T-been.

tyd	wyse	plek
wanneer?	hoe?	waar?

1. Bywoord van plek
Vra altyd die vraag Waar?, byvoorbeeld: Waar eet hy? Die antwoord is dan die bywoord van plek. Bv.: Hy eet buite.
2. Bywoord van tyd
Vra altyd die vraag Wanneer?, bv.: Wanneer eet hy? Die antwoord is dan die bywoord van tyd. Bv.: Hy eet vanmiddag.
3. Bywoord van wyse
Vra altyd die vraag Hoe?, byvoorbeeld: Hoe eet hy? Die antwoord is dan die bywoord van wyse. Bv.: Hy eet lekker.

Opdrag 1: Skryf die bywoorde in die volgende sinne neer en skryf dan neer of dit 'n bywoord van TYD, PLEK of WYSE is.

Vb. Hy loop stadig weg. stadig = bywoord van wyse.

1. Pieter slaap heerlik in sy bed.
2. Ek loop buite rond.
3. Ek hardloop smiddaë om die blok.
4. Sy maak soggens ontbyt.
5. Hy slaan die klip hard met die stok.
6. Gooi die papiere daar weg.

Rooi Reënboogboek: Bl. 107 - Werkwoorde en bywoorde: Doen die hele blaaï. {Onthou enkelvoudige sinne het net een werkwoord.)
Bl. 98 - Bywoord nan plek. Probeer om die hele bladsy te doen, ook die afkortings.
Bl. 97 - Bywoord van graad / trappe van vergelyking, Onthou dit moet reg gespel wees.